



LANGBLAARWATTEL

deur HILDEGARD DE BEER
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Langblaarwattel *Acacia longifolia* (Andr) Willd.; familie Fabaceae is oorspronklik uit Australië ingevoer as 'n sierstruik en om sandduine te stabiliseer. Dit versprei egter so vinnig dat dit op die oomblik een van die grootste bedreigings vir die Kaapse bergfynbos is.

Ander algemene name vir langblaarwattel is bleek-akasia, Sydney-gouewattel of kuswattel. Die mees gebruikte Engelse name is "long-leafed wattle" of "long-leafed acacia". In dele van die land word dit ook foutiewelik "Port Jackson willow" genoem, wat eintlik die volksnaam vir *A. saligna* (Labill.) Wendl. is. In Australië staan dit bekend as "Sydney golden wattle", "sallow wattle" of "coast wattle".

Morfologie

Langblaarwattel is 'n doringlose, immergroen struik, regop of plat en bosagtig, wat onder ideale omstandighede ontwikkel tot 'n oop, spreidende boom, tot 10 m hoog.

Die plant besit nie egte blare nie, maar afgeplatte blaarstele (fillodes of skynblare) wat net

soos blare lyk. Soms kom daar egter 'n paar egte, veervormige blare op die punte van die skynblare voor. Die skynblare is donkergroen, tot 18 cm lank en 2 cm breed, langwerpig en vernou na albei punte toe. Elke skynblaar besit 2 tot 5 duidelike hoofare, met 'n aantal dowwer, lengteverlopende sy-are tussenin. Op die boonste rand, naby die basis van die skynblaar, kom daar 'n klein nektarkliertjie voor. Die skynblare word meestal opwaarts en weg van die takke gedra.

Die bloeiwyses van langblaarwattel is vingervormig, in teenstelling met die bolvormige bloeiwyses van al die ander uitheemse *Acacia*-soorte. Die heldergeel bloeiwyses wat tot 5 cm lank en 7 mm in deursnee is, kom gewoonlik enkel of in pare in die oksels van die skynblare voor. Die verlengde hofies met blomknoppe is van Januarie tot Junie sigbaar, en die blomtydperk strek van Junie tot November, met 'n hoogtepunt tussen Julie en September - afhangend van die plek waar dit groei. Die peule is leeragtig, bleek-bruin, reguit en silindries, effens ingesnoer tussen die sade, word 4 tot 12 cm lank en is enkel aan die bloeisteel geheg.



Die verlengde bloeiwyses is kenmerkend van langblaarwattel

Na 'n veldbrand ontstaan daar digte stande van langblaarwattel

Sodra die peule ryp is, bars hulle oorlangs langs albei nate oop en krul op soos hulle droog word. Hulle stel, ongeveer in November, 'n groot aantal klein, harde, donkerbruin tot swart saadjies met kort, vlesige, wit saadsteeltjies vry, wat lank kiemkragtig bly. Die peule bly nie lank aan die bome hang nie, maar val ongeveer in Desember af.

Langblaarwattel word dikwels verwar met Port Jackson (*A. saligna*), rooikrans (*A. cyclops* A. Cunn. ex G. Don) of swarthout (*A. melanoxyton* R. Br.), veral wanneer dit nie blomme of peule dra nie. Dit kan egter uitgeken word aan die verlengde bloeiwyses en silindriese peule wat net van September tot Desember aan die boom hang, en nie die hele jaar, soos dié van rooikrans nie. Verder is die saadsteeltjies wit, in teenstelling met die rooi saadsteeltjies van rooikrans en swarthout.

Langblaarwattel word nie so hoog soos swarthout nie, maar is meer spreidend; die skynblare is langer en meer reguit as swarthout s'n, terwyl die tipiese net-arige patroon op die skynblare ook ontbreek. Port Jackson kan onderskei word aan sy skynblare wat slegs een hoofaar besit.

Verspreiding

Langblaarwattel is inheems in die oostelike en suid-oostelike dele van Australië, waar dit gewoonlik in die kuswoude groei. Dit is ook reeds ingeburger in dele van die VSA, Uruguay, Argentinië en Suid-Afrika.

Blykbaar is langblaarwattel in 1827 vir die eerste maal na Suid-Afrika ingevoer, en daarna weer in 1835 saam met rooikrans en Port Jackson, om waaisand te bind. Hoewel dit aanvanklik op die sandduine aangeplant is, het dit daar uitgesterf, maar het al langs die droër berghange versprei, sodat dit vandag hoofsaaklik in die suidelike kusstreek, vanaf Hopefield in die suid-weste tot Grahamstad in die oostelike Kaapprovinsie, en selfs ook in die Transkei, voorkom. Dit word ook op verskeie plekke in Natal, veral rondom Pietermaritzburg, aangetref, waar dit egter nog nie 'n probleem is nie. In 1973 is bereken dat 2 000 ha besmet is met langblaarwattel, maar aangesien die boomsoort nie maklik van rooikrans onderskei kan word nie, is die werklike oppervlakte waarskynlik aansienlik groter.

Langblaarwattel word hoofsaaklik langs riviere aangetref, maar groei ook op droër, sanderige grond, kleigrond of op rotsagtige plekke met sandgrond, bv. bo-op Tafelberg. Dit aard egter nie op soutgrond nie. Dit het reeds die berg- en laaglandfynbos, die suidelike en Oos-Kaapse woude en grasland binnegedring, waar dit feitlik langs al die riviere voorkom. In die omgewing van Grahamstad, waar langblaarwattel teen die suidelike berghange in die Bergfynbos versprei het, kompeteer dit met swartwattel en syerige hakea om die inheemse plantegroei totaal te verdring. Dit vorm digte, ondeurdringbare boskasies, en produseer groot hoeveelhede saad wat baie lank kiemkragtig bly, en wat deur die riviere stroom-af vervoer word om daar

te ontkiem. Daar kan verwag word dat langblaarwattel sal aanhou om al met die rivierwalle langs te versprei as dit nie gestuit word nie.

Groei en voortplanting

Langblaarwattel groei dwarsdeur die jaar, maar toon 'n opvallende hoogtepunt tydens die lente. Gedurende die eerste 2 jaar groei die plant gewoonlik 1 tot 2 m, en saailinge kan in die tweede groeiseisoen reeds blom. Die blomme word in die winter en vroeë lente gevorm, peule ontwikkel in die lente en somer en val aan die einde van die somer af. Die meeste skynblare word gedurende die somer afgewerp.

Voortplanting deur sade is baie doeltreffend, en vorm die sleutel tot die verspreiding van dié plantsoort in Suid-Afrika. Jaarliks produseer die plant groot hoeveelhede sade, met 'n taai saadhuid wat onder die grond ophoop en lank kiemkragtig bly. Hierdie sade word op groot skaal deur rooivlerkspreus gevreet, maar al die sade word nie verteer nie. Baie van die sade ontkiem daarna makliker, aangesien die verteringsensieme slegs die saadhuid beskadig en meer deurlaatbaar vir water maak. So word die sade dan teen die berge op versprei. Die sade word ook deur vuur gestimuleer om te ontkiem, tensy die temperature buitengewoon hoog is, terwyl baie van die inheemse plante en sade juis daardeur vernietig word. So kry langblaarwattel dan die geleentheid om digte stande te vorm.

Langblaarwattel is nie geneig om uit te loop nadat dit laag genoeg afgekap of deeglik gebrand is nie, en hierdie feit vergemaklik die beheer van die plant aansienlik.

Wetgewing

Ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983) is langblaarwattel tot 'n indringerplant verklaar. Ingevolge hierdie wetgewing moet die plant doeltreffend beheer word op enige plaaseenheid in die Republiek waar dit tot nadeel van die produksievermoë van die natuurlike landbouhulpbron kan wees.

Beheer

Meganiese uitroeiing is die beste beheermetode. Jong boompies kan met die hand uitgetrek word, terwyl onvolwasse boompies uitgespit, uitgegrawe of geskoffel kan word. Ouer bome behoort so laag as moontlik afgekap te word. Daarna word die bas afgestroop tot in die grond. Ouer bome kan ook geringeleer word. Nadat die bome afgekap is, kan die takke opmekaargestapel word en dan verbrand word sodra die hout droog is. Mits die vuur stadig en warm genoeg brand, sal die sade onder die grond vernietig word, maar anders sal die vuur net die saadhuid beskadig sodat die sade makliker sal ontkiem. Ná 'n brand moet daar altyd opvolgwerk gedoen word, waartydens alle jong boompies wat intussen opgekom het, uitgetrek word.

Navorsing in verband met die biologiese beheer van die langblaarwattel is tans aan die gang.